



## Jesus wys Wie Hy is

Onthou jy nog wat Jesus se dissipels gesê het toe Hy die storm stil gemaak en die golwe laat bedaar het? Hulle het gesê: “Wie is Hy tog dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is?”

Die Here Jesus het so baie wonderwerke gedoen, dat *baie* ander begin sê het: “Wie is tog hierdie man?” Nog *nooit* was daar iemand wat die wonderwerke kon doen wat Hy gedoen het nie: die siekes genees, die blindes laat sien, die dooie weer opwek, en selfs die sondes vergewe!

Die mense sê: “Hoe kan Jesus sulke dinge doen? Wie is Hy dan?”

Jesus het twaalf dissipels gehad, wat Hom elke dag gevolg en geluister het na wat alles wat Hy hulle van God vertel.

Eendag, toe Jesus alleen was met sy dissipels, vra Hy vir hulle: “Wat sê die mense van My? Wie dink hulle, is Ek?”

Die dissipels antwoord Hom: “Sommiges dink U is Johannes die Doper, en ander: Elia, en ander: Een van die profete.

Toe sê Jesus vir hulle: “Maar julle, wie, sê *julle*, is Ek?”

Simon Petrus antwoord toe vinnig en sê: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.”

Petrus het *geweet*.

*Hoe* het hy dit dan geweet?

Petrus het met sy eie oë die wonderwerke *gesien*, wat Jesus gedoen het. Hy het geweet dat net die Seun van God sulke groot werke kan doen.

En Petrus het met sy eie ore *geluister* na alles wat Jesus hulle van God vertel het. Net die Seun van God kan so veel weet van God en die Koninkryk van die Hemele weet.

Maar die meeste hiervan is dat Petrus dit geweet het, omdat die *Heilige Gees* self dit vir hom in sy hart *ingegee* het, dat Jesus die Christus is, die Seun van God.

Hoe kan *ons* dan weet wie Jesus is?

Wat Jesus gedoen en gesê het, *wys* vir ons Wie Hy is. Alles daarvan kan ons in die *Bybel* lees.

En ons kan die Bybel *glo*, want dis die Woord van God. En die Heilige Gees *werk* dit in ons harte, en vertel ons dat die Here Jesus die Seun van God is. Daarom kan ons *seker* wees dat Hy ons Verlosser is.

Petrus en die ander dissipels het die werke van Jesus *gesien*, en die wonderlike woorde wat Hy *gespreek* het, *gehoor*. Ons kan Hom nie sien nie. Ons kan Hom nie hoor nie. Maar ons kan alles van Hom in die Bybel lees; en ons kan glo. En so kan ons *net* so gelukkig wees as die dissipels wat Hom elke dag gesien het.

### Gesels hieroor:

1. Hoe kan ons die Here Jesus leer ken?
2. Hoe het Simon Petrus geweet?
3. Hoekom behoort dit ons bly te maak om te weet dat Jesus die Seun van God is?

## **Die Here Jesus het gesê:**

*“Salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.”*

(Johannes 20:29)

## **Wat ons kan lees:**

*Johannes 20:24-29*

## **Hier is 'n lied om te sing:**

### ***Skrifberyming 27 vers 1***

Ek geloof in God die Vader  
Wat almagtig, wys en trou,  
Skepper is van alle dinge  
En dit nog in wese hou.  
Ek geloof in Jesus Christus,  
Wat ons in aanbidding eer:  
Eengeboorne van die Vader,  
In sy hoogheid onse Heer.

## **'n Gebed:**

*Here Jesus, Petrus en al die ander dissipels het gesien hoe groot U is. Help ons som dit ook te sien as ons uit U Woord, die Bybel, lees. Help ons om seker te weet dat U die Seun van God is. Help ons om met ons hele hart, met alles wat ons sê en doen, te kan sê: Here Jesus, ons het U lief. Amen.*

Marian Schoolland

© 2019

[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'  
is deur Marianne Bron vertaal.*